



BESTEK	
Ou Testament	1 Samuel 28 en 29
Nuwe Testament	Filippense 1 – 3
Les	Les 1 – 9

Afdeling A – 1 Samuel 28 en 29

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Die _____ het 'n leër versamel om teen Israel te veg. (1 Sam 28: 1)
a) Filistyne b) Makkabeërs c) Kussiete d) Egiptenare
- 1.2 Wie het Saul uit sy land verwyder? (1 Sam 28: 3)
a) Filistyne b) waarsêers c) profete d) perde
- 1.3 Toe Saul besef dat Samuel voor hom verskyn het, het Saul na die aarde _____.
(1 Sam 28: 14)
a) gespoeg b) gesoek c) gebuig d) gewys
- 1.4 Die volgende koning na Saul was _____. (1 Sam 28: 17)
a) Simson b) Dawid c) Salomo d) Moses
- 1.5 Omdat Saul nie na die stem van die _____ geluister het nie, het hierdie dinge met Saul gebeur. (1 Sam 28: 18)
a) profeet b) die mense c) die vrou d) Here
- 1.6 Israel het hulle leër by die fontein wat naby _____ was opgeslaan. (1 Sam 29: 1)
a) Jisreël b) Filippense c) Jordaan d) Paradys
- 1.7 Agis het vir Dawid geroep en aan hom gesê: So waar as die Here leef, jy is _____.
(1 Sam 29: 6)
a) opreg b) 'n kind c) verkeerd d) hoogmoedig
- 1.8 Agis het vir Dawid geantwoord en gesê: Ek weet dat jy _____ is in my oë. (1 Sam 29: 9)
a) moeg b) deurmekaar c) goed d) kwaad
- 1.9 Agis het aan Dawid gesê hy moet hom _____ vroeg klaar maak, en vertrek. (1 Sam 29: 10)
a) môre b) vanaand c) vanoggend d) gou
- 1.10 Dawid het toe vroeg klaar gemaak, hy en sy _____. (1 Sam 29: 11)
a) vrou b) broer c) oom d) manne

Vraag 2 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Hebreërs, Rama,	dienaars, verkeerd,	brood, Nag,	gevind, Jisreël,	krag, gewyk,
--------------------	------------------------	----------------	---------------------	-----------------

- 2.1 Hulle het vir Samuel in ____ **A** _____ begrawe. (1 Sam 28: 3)
- 2.2 Saul het in die ____ **B** _____ na die doodbesweerder gegaan. (1 Sam 28: 8)
- 2.3 Saul het vir Samuel geraadpleeg omdat die Here van Saul ____ **C** _____ het. (1 Sam 28: 15)
- 2.4 Die vrou wat Saul geraadpleeg het, het gesien dat Saul baie swak was en het hom toe ____ **D** _____ gegee om te eet. (1 Sam 28: 22)
- 2.5 Saul moes ook eers iets eet sodat hy weer ____ **E** _____ kon hê om verder te kon gaan. (1 Sam 28: 22)
- 2.6 Die Filistyne het aan die owerstes gevra wat soek hierdie ____ **F** _____? (1 Sam 29: 3)

- 2.7 Agis het aan Dawid gesê dat hy moet omdraai en niks G in die oë van die vorste van die Filistyne moet doen nie. (1 Sam 29: 7)
- 2.8 Dawid het aan Agis gesê , wat het u in u dienaar H van die dag af dat ek voor u gewees het. (1 Sam 29: 8)
- 2.9 Agis het vir Dawid gesê hy moet klaarmaak en saam met die I van sy heer saamgaan.(1 Sam 29: 10)
- 2.10 Terwyl Dawid terug getrek het, het die Filistyne na J opgetrek (1 Sam 29:11)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Toe Saul die leer van die Filistyne sien was hy nie bang nie. (1 Sam 28: 5)
- 3.2 Toe die vrou vir Samuel sien, nadat sy hom opgeroep het, het sy geskrik toe sy Samuel sien. (1 Sam 28: 12)
- 3.3 Samuel het vir Saul gesê, wanneer die oorlog teen die Filistyne begin sal Saul wen. (1 Sam 28: 19)
- 3.4 Die vrou het 'n perd vir Saul geslag om te eet. (1 Sam 28: 24)
- 3.5 Saul was dae lank by die towerheks gewees. (1 Sam 28: 25)
- 3.6 Terwyl die vorste van die Filistyne by honderde en by duisende verby getrek het, was Dawid en sy manne voor saam met Agis. (1 Sam 29: 2)
- 3.7 Agis het aan die Filistyne gesê Dawid was die Saul se onderdaan. (1 Sam 29: 3)
- 3.8 Agis het net kwaad en slegte dinge in Dawid gevind.(1 Sam 29: 6)
- 3.9 Die Filistyne het vir Agis gesê dat Dawid maar saam met hulle mag veg. (1 Sam 29: 9)
- 3.10 Agis wou hê dat Dawid, in die donkerte van hulle moes wegtrek. (1 Sam 29: 10)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Wie het Saul in hierdie gedeelte om hulp gaan vra? (1 Sam 28: 7)
- 4.2 Hoe het Samuel se voorkoms gelyk, toe hy aan die vrou verskyn het? (1 Sam 28: 14)
- 4.3 Wie het Saul se koningskap van hom weggeneem / weggevat? (1 Sam 28: 17)
- 4.4 Die Filistyne het aan Agis gesê dat die mense in hulle koordanse van Dawid gesing het. Wat het die mense in hulle koordanse van Dawid gesing? (1 Sam 29: 5)
- 4.5 Waarheen moes Dawid terug trek? Na wie se land? (1 Sam 10: 11)

35 Punte

Afdeling B – Filippense 1 - 3

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Deur wie is die brief Filippense geskryf? (Fil. 1:1)
a) Paulus b) Dawid c) Mattheus d) Moses
- 5.2 Na wie verlang Paulus met 'n innige teerderheid? (Fil. 1: 8)
a) kos b) almal in die gemeente c) die tronk d) klere
- 5.3 Paulus sê hy word van weerskante gedring want hy dink dit is verreweg die _____ om by Christus te wees. (Fil. 1: 23)
a) duurste b) beste c) slegste d) goedkoopste
- 5.4 Doen alles sonder _____ en teëspraak. (Fil. 2: 14)
a) vloek woorde b) engele c) murmurering d) die Bybel
- 5.5 Moenie iets doen uit _____ of uit ydele eer nie. (Fil. 2: 3)
a) tyd b) haastigheid c) idees d) selfsug
- 5.6 Julle moet nie elkeen na sy eie _____ omsien nie, maar elkeen ook na die ander sin (Fil. 2: 4)
a) perd b) beursie c) belange d) liggaam
- 5.7 Paulus skrywe dat hy hoop om watter persoon gou na die gemeente te stuur? Wat was sy naam? (Fil 2: 19)
a) Timoteus b) Petrus c) Ananias d) Lukas

- 5.8 Paulus was op die _____ dag besny gewees. (Fil. 3: 5)
 a) eerste b) tiende c) agste d) laaste
- 5.9 Ons verlosser kom vanuit die _____? (Fil. 3: 20)
 a) aarde b) hel c) hemel d) maan
- 5.10 Ons liggame sal in gedaante verander word omdat ons liggaam _____ is. (Fil. 3: 21)
 a) vernederde b) helder c) groot d) klein

Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul jou antwoord op die *antwoordstel* in:

gemeenskap, vertroosting, wins, troos, vrede, verbly,
Christus, navolgers, evangelie, vergeet

- 6.1 Genade vir julle en **A** van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (Fil. 1: 2)
- 6.2 En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wedervaar het, eerder op bevordering van die **B** uitgeloop het. (Fil. 1: 12)
- 6.3 Want vir my is die lewe **C** en die sterwe **D** . (Fil. 1: 21)
- 6.4 As daar dan enige **E** in Christus is, as daar enige **F** van die liefde, as daar enige **G** van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydschap volkome. (Fil. 2: 1)
- 6.5 Verder my broeders, **H** julle in die Here. (Fil. 3: 1)
- 6.6 Maar een ding: ek **I** die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is. (Fil. 3: 14)
- 6.7 Wees ook my **J** , broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het. (Fil. 3:17)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die *antwoordstel* in:

- 7.1 Paulus het nooit vir die gemeente in Filippi gebid nie. (Fil. 1: 4)
- 7.2 Sommige preek Christus uit afguns en twis. (Fil. 1: 15)
- 7.3 Paulus sê terwyl hy hier op aarde lewe beteken dit vir hom vrugbare arbeid. (Fil. 1: 22)
- 7.4 Paulus sê dat die gemeente in een gees moet vasstaan en een van siel vir die geloof saam moet stry. (Fil. 1: 27)
- 7.5 Paulus vra van die gemeente in Filippi om hulle waardig die evangelie te gedra. (Fil. 1: 27)
- 7.6 Paulus skryf aan die gemeente en sê aan hulle dat hulle vir hulle teenstanders moet bang wees. (Fil. 1: 28)
- 7.7 Die gemeente moet nie dieselfde gesindheid as Christus hê nie. (Fil. 2: 5)
- 7.8 Paulus het aan die gemeente geskryf en gesê hulle moet nie aan die Woord van die lewe vashou nie. (Fil. 2: 16)
- 7.9 Paulus was eers 'n Fariseër. (Fil. 3: 5)
- 7.10 Paulus strek hom uit na wat voor is en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. (Fil. 3: 14)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die *antwoordstel*:

- 8.1 Paulus praat van een wat die goeie werk in die gemeente begin het. Wie sê Paulus is die een wat die goeie werk in die gemeente begin het? (Fil. 1: 6)
- 8.2 Waarna verlange Paulus in hierdie brief? Was dit om heen te gaan en met Christus te wees of om eerder hier op aarde by sy familie en vriende te bly? (Fil. 1: 23)
- 8.3 Wie is dit wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag? (Fil. 2: 13)
- 8.4 In watter gedaante of tot wat het God Homself verneder toe Hy aan die kruis moes hang? (Fil. 2: 8)
- 8.5 Waarom herhaal Paulus die woorde – *verbly julle in die Here*? (Fil. 3: 1)

35 Punte

**Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is en
vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 9.1 Die Psalmdigter leer dat die Woord van die Here 'n lamp is vir ons voet en 'n lig vir ons pad. (les1)
- 9.2 Die Bybel is bloot stories wat mense opgemaak het, dis nie die waarheid nie. (les 2)
- 9.3 Christus het in die volheid van die tyd verskyn. (les 3)
- 9.4 Diere is ook na die beeld van God geskape. (les 4)
- 9.5 Die tuin van Eden word ook die paradys genoem. (Les 5)
- 9.6 Henog het nie naby God geleef en God gedien nie. (les 6)
- 9.7 Abraham het naby Bet-El 'n altaar gebou en die Here aanbid. (les 7)
- 9.8 Farao het gesê Alle babaseuntjies van die Egiptenare moes in die Nyl verdrink word. (les 8)
- 9.9 Die Here het Moses en Aaron na Farao gestuur (les 8)
- 9.10 Die Here Jesus het gekom om die wet te ontbind (les 9)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op jou antwoordstel in:

**Tugmeester, ontstaan, Woord, geloof, heers,
loer, begeerte, haastig, slang, glo**

- 10.1 In Heb. 11:3 leer ons die volgende woorde: "Deur die A verstaan ons dat die wêreld deur die B van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie C het uit sienlike dinge nie." (Les 4)
- 10.2 Die sonde begin met die D, soos 'n roofdier lê hy en E, jy moet oor die sonde F (Gen. 4:7)(Les 6)
- 10.3 Hy wat G sal nie H wees nie. (Jes. 28:16)(Les 7)
- 10.4 Die wet is ons I na Christus... (Gal. 3)(Les 9)
- 10.5 Die J was listiger as al die diere. (Les 3)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Wat is die berg se naam waarop die Here sy wet gegee het? (Les 9)
- 11.2 Deur wie het alles ontstaan? (Les 4)
- 11.3 Wie is die tweede Adam wat die slang se kop vermorsel? (Les 5)
- 11.4 Wat het God aan Noag as teken van Sy verbond met die mens, gegee? (Les 6)
- 11.5 Abraham en sy kinders moes _____ word as teken van die genade verbond? (Les 7)
- 11.6 Voor watter plaag is die Paasfees ingestel? (Les 8)
- 11.7 Wat moes die Israeliete aan die deurkossyne verf? (Les 8)
- 11.8 Deur wat ken ons ons sonde? (Les 9)
- 11.9 Die Bybel is die _____ van God? (Les 1)
- 11.10 Wat was die eerste plaag? (Les 8)

**30 Punte
Totaal: 100 Punte**